Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Regulation Gazette **No. 8143** *Regulasiekoerant*

Vol. 475 **Pretoria, 31 January / Januarie 2005** **No. 27221**

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATION		
R. 5	Special Investigating Units and Special Tribunals Act (74/1996): Referral of matters to existing Special Investigating Unit and Special Tribunal	3	27221

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	PROKLAMASIE		
R. 5	Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale (74/1996): Verwysing van aangeleenthede na bestaande Spesiale Ondersoekeenheid en Spesiale Tribunaal	6	27221

PROCLAMATION

by the

President of the Republic of South Africa

No. R. 5, 2005

SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT AND SPECIAL TRIBUNAL

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996), have been made in respect of the affairs of the Institutions mentioned in Part I and Part II of Column A of the Schedule;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and justiciable civil disputes emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the said Act, refer the matters mentioned in Column B of the Schedule in respect of the Institutions listed in Part I and Part II of Column A for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of these matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the said Act, any-

(a) serious maladministration in connection with the affairs of the Institutions;

(b) improper or unlawful conduct by officials of the Institutions;

(c) corruption in connection with the affairs of the Institutions; or

(d) unlawful or improper conduct by any person which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,

which has taken place between 1 January 1994 and the date of publication of this Proclamation and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the said Act in relation to the matters.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-first day of January Two thousand and five.

T. M. MBEKI

President

By Order of the President-in-Cabinet:

B. S. MABANDLA

Minister of the Cabinet

SCHEDULE

COLUMN A	COLUMN B
Part I (a) National Department of Transport (b) Provincial Departments of Transport (c) Municipal Structures	1. The conversion of forged driving licences, invalid driving licences and foreign driving licences to the credit card form driving licence issued in terms of applicable legislation, pursuant to applications submitted to Driving Licence Testing Centres. 2. The issuing of driving licences, including professional driving permits and learner's licences by examiners at driving licence testing centres without complying with the prescripts of applicable legislation for the issuing thereof. 3. The registration of stolen vehicles on the National Traffic Information System. 4. The failure to properly manage and control the activities of officials and the transactions executed by them and to ensure compliance with the prescripts of the relevant legislation regarding the issuing and/or conversion of driving licences.
Part II South African Police Service	The registration of stolen vehicles on the National Traffic Information System.

PROKLAMASIE

van die

President van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 5, 2005

WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET No. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID EN SPESIALE TRIBUNAAL

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996), gemaak is in verband met die aangeleenthede van die Instellings vermeld in Deel I en Deel II van Kolom A van die Bylae (hierna " die Instellings" genoem);

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat gemelde bewerings ondersoek en beregbare siviele geskille voortspruitend uit sodanige ondersoek bereg moet word;

DERHALWE verwys ek hierby, kragtens artikel 2(1) van gemelde Wet, die aangeleenthede vermeld in Kolom B van die Bylae in verband met die Instellings gelys in Deel I en Deel II van Kolom A vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van daardie aangeleenthede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekeenheid is om soos beoog in gemelde Wet, ondersoek te doen na enige -

(a) ernstige wanadministrasie in verband met die aangeleenthede van die Instellings;

(b) onbehoorlike of onregmatige optrede deur amptenare van die Instellings;

(c) korrupsie in verband met die sake van die Instellings; of

(d) onwettige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie van die publiek veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 1 Januarie 1994 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie en om die bevoegdhede en werksaamhede wat deur die Wet aan die Spesiale Ondersoekeenheid toegewys of opgedra is uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria op hede die Een-en-twintigste dag van Januarie Tweeduisend-en-vyf.

T. M. MBEKI
President

Op las van die President-in-Kabinet:

B. S. MABANDLA
Minister van die Kabinet

BYLAE

Kolom A	Kolom B
Deel 1 (a) Nasionale Departement van Vervoer (b) Provinsiale Departemente van Vervoer (c) Munisipale Strukture	1. Die omskakeling van vervalste bestuurslisensies, ongeldige bestuurslisensies en buitelandse bestuurslisensies na die kredietkaartformaat bestuurslisensies, uitgereik kragtens toepaslike wetgewing, ooreenkomstig aansoeke ingedien by bestuurslisensie-toetssentrums. 2. Die uitreiking van bestuurslisensies, insluitende professionele bestuurspermitte en leerlinglisensies deur toetsbeamptes by bestuurslisensie-toetssentrums sonder nakoming van die voorskrifte van toepaslike wetgewing vir die uitreiking daarvan. 3. Die registrasie van gesteelde voertuie op die Nasionale Verkeersinligtingstelsel. 4. Die versuim om die aktiwiteite van beamptes en die transaksies deur hulle uitgevoer behoorlik te bestuur en te kontroleer en om nakoming van die voorskrifte van relevante wetgewing rakende die uitreiking en/of omskakeling van bestuurslisensies te verseker.
Deel II Suid-Afrikaanse Polisiedienste	Die registrasie van gesteelde voertuie op die Nasionale Verkeersinligtingstelsel.